**27 Januarie**
**Skrifgedeelte: Numeri 9:15-23**
**Fokusgedeelte: Numeri 9:15-16**

## God met sy kinders

Toe die Israeliete uit Egipte getrek het, het hulle ’n blye, maar onsekere tog aangepak. Bly, want hulle is van hulle slawerny bevry en die eeue-oue belofte van ’n eie blyplek, Kanaän, was besig om in vervulling te gaan. Onseker, want hulle het die bekende verlaat vir ’n nuwe, onbekende bestemming.

God wat hulle op ’n buitengewone manier uit Egipte verlos het, sou ook sorg dat hulle veilig in Kanaän aankom. Van die dag dat hulle Egipte verlaat het, het die Here bedags met ’n wolkkolom en snags met ’n vuurkolom voor hulle uitgegaan om vir hulle die pad te wys wat hulle moes volg. Die wolkkolom het hulle ook teen die agtervolgende Egiptenare beskerm. Die wolk was ’n sigbare teken dat God met sy volk was. Hy was met hulle toe hulle by bitter water gekom het (Eks 15:23), geen water of kos gehad het nie (Eks 17:1; 16:2) en teen vyande te staan gekom het (Eks 17:8).

Die wolk het op die tabernakel gerus nadat dit opgerig is. Die tabernakel is telkens in die middel van die Israelitiese kamp opgeslaan. Die tabernakel met die verbondsark in die allerheiligste deel was ook ’n teken dat God tussen die Israeliete woon.

Die verlossing uit Egipte en die tog deur die woestyn na Kanaän is meer as net ’n deel van Israel se geskiedenis. Ons sien hierin iets van die reistog van iemand wat uit die slawerny van die duiwel en sonde verlos is, en nou onderweg is na die hemelse Kanaän. ’n Gelowige se tydelike aardse tog gaan soms langs bitter of droë fonteine, vyandskap en teenslae verby. Gedurende hierdie tog is ’n gelowige nooit alleen nie. God is weliswaar nie by ons in die vorm van ’n wolk of ’n tabernakel nie. Ons Verlosser het sy Gees gestuur om met ons, in ons, te bly sodat ons nooit alleen sal wees nie. Sy Gees bly in ons om ons gedurende ons aardse woestyntog te versterk, sodat ons dit suksesvol kan aflê en mettertyd die hemelse Kanaän kan intrek.

Sing Psalm 105:1, 5 (1936)

Dr EJ de Beer (Laeveld)